Week van Gebed 2015

"Kom ons bid saam"

Vooraf

"Wees altyd bly. *Bid gedurig*. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag" (5:16-18), skryf Paulus aan die gemeente in Tessalonika, die hoofstad van die destydse Romeinse provinsie Masedonië.

Judas skryf sy minder bekende brief aan ongeïdentifiseerde Christene oral in die bekende wêreld van destyds. Hulle en hulle geloof in Jesus Christus, is sterk teengestaan, soos ons ook dikwels vandag beleef. Die Boodskap vertaal Judas se aanmoediginge (1:20,21) só: "My liewe vriende, kom ek sê vir julle wat julle moet doen om op die regte pad te bly: Sorg dat julle geloof dag na dag sterker word. Bou julle hele lewe op God. *Laat toe dat die Gees kragtig deur julle werk wanneer julle bid*. Laat God se liefde julle omring soos 'n sterk muur. Plaas al julle hoop op die ongelooflike goedheid van ons Here Jsus Christus. Hy gee so baie vir julle om dat Hy vir julle die ewige lewe sal gee".

Paulus skryf aan Timoteus (1e brief, 2:1). "Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek *met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense*, vir die wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid".

Hier is drie belangrike gebedsperspektiewe. Bid gedurig. Fokus op die Heilige Gees se werk wanneer ons bid. Bid vir alle mense. Kom ons hou dít in gedagte as ons saam voor ons Here buig gedurende die 2015 week van gebed en daarna.

Gedurende die voorbidding fokus ons saam op al die werk wat gemeentes en die kerkverband doen. As ons byvoorbeeld oor die erediens nadink, is Teologiese opleiding en Aktuale getuienissake ook op ons harte. By Gemeentebediening fokus ons spesifiek op die jeug maar bid vir alle die bedieninge wat met mans en vrou en kinders predikante en lidmate werk. Net so bid ons saam vir alle bedieninge wat na buite, oor grense gaan om te dien en te getuig, vir kerk, land en wêreld en vir die bedieninge wat ons ondersteun om al die werk te doen.
Mag die Here ons gesamentlike gebede en smekinge uit genade en liefde verhoor.

Ons dank die lede van die Verenigende Ring van Wesland en medewerkers vir hulle vars aanslag met hierdie riglyne. Mag die Here die week van gebed 2015 ryklik seën.

Johan Botha, Eddie Orsmond, Donald Gantana, Gideon van der Watt, Victor Pillay en Andries Hofmann (Namens die Taakgroep van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis van die NG Kerkfamilie)

Uitgangspunte van die skrywers

Die volgende uitgangspunte lê agter die opstel van die riglyne vir die Week van Gebed 2015.

- Die doel van die Week van Gebed is *om saam te bid*. Ons bring die werksaamhede van die gemeente en die kerk, vir die jaar wat voorlê, in gebed voor God se aangesig.
- Ons kies doelbewus om in die riglyne die *klem op gebed* te plaas. Die oordenkings is baie kort geskryf om daarmee meer ruimte te maak vir ons saam bid.
- Gebed is nie een van ‘n verskeidenheid geestelike aktiwiteite tussen vele ander nie. Gebed is in die eerste plek ‘n ingesteldheid en houding wat ons hele manier van lewe inkleur en bepaal. In ons binnekamer maak ons seker dat ons op God gefokus is, sodat ons op God gefokus kan lewe óók in ons buitekamer. Só word ons hele lewe gebed.
- Die Week van Gebed is ‘n intensiewe binnekamer vir die gemeente met die oog daarop om die jaar se aktiwiteite aan te pak met ‘n doelbewuste fokus en oorgawe aan God. Die gebeds-byeenkomste wil ons help om met God se dinge besig te wees op só ‘n manier dat God altyd self in die sentrum sal wees. Oopstelling en beskikbaarstelling vir God kry daarom die klem.
- Ons plaas die oordenkings binne ‘n liturgiese raamwerk om konteks aan die oordenkings te gee, fokus te help bewerk en om die deelname van almal in die gemeente te verhoog. Dieselfde liturgie kan vir al vyf die aande gebruik word met afwisseling by die sang en Skrifgedeeltes (Die raamwerk is 'n verwerking van ouer en jonger Keltiese liturgieë wat motiewe en style gebruik uit byvoorbeeld die ekumene, Taizé en Afrika. Verwys ook na die e-boek, "Gebedsritmes", deur DP Botha, by Communitas www.communitas.co.za; Vertalings versorg deur E Botha).
- Deur die herhalende gebruik van die liturgie kan daar kontinuïteit en diepte in ons saamwees voor die Here kom. Die liturgie sluit doelbewus aan by die kerlike jaar se seisoen na Epifanie. God se menswording is dan vars in ons geheue, met ‘n sterk klem op lig as tema.
- Ons dink ook doelbewus daaraan dat die gemeente en kerk as die “liggaam van Christus” deur ons werksaamhede Jesus se menswees voortsit in hierdie wêreld, gedurende 2015.

Ons gebed is dat die Here ons gemeentes en breër kerklike werksaamhede in 2015 sal gebruik om die koninkryk van die hemel ook op die aarde te laat kom.

Richard Holloway, David Botha en Eugene Beukes uit die Wesland Verenigende ring van die NGK Familie

LITURGIE

Voorganger Christus, groet vanaand sy gemeente as die Een wat mens geword het.

Almal Ons wat sy hande en voete is
saam met die hele skepping
groet Hom as ons Koning.

Voorganger Genade, liefde en vrede vir julle
van God die Vader, Seun en Heilige Gees –
Een God wat ons almal soos ‘n Ma versorg.

DANKSEGGING

Hier kan gesing word.

Voorganger Die aarde en alles wat daarop is,
die wêreld en dié wat daar woon,
alles behoort aan die Here,
want Hy het die fondamente daarvan in die see gelê
en dit stewig gevestig in die waters.

Almal Wie mag die berg van die Here opgaan
en wie mag in sy heiligdom gaan staan?

Voorganger Die een wie se hande rein
en wie se hart suiwer is,
wat alle bedrog vermy
en geen vals eed aflê nie.
Só iemand sal van die Here seën ontvang,
en God, sy redder, sal reg aan hom laat geskied.

Almal Gooi oop die poorte,
want die magtige Koning wil ingaan!

Eerste Wie is die magtige Koning?

Tweede Die Here, sterk en geweldig,
die Here, oorwinnaar in elke stryd –
Hy is die magtige Koning.

Almal Gooi oop die poorte,
want die magtige Koning wil ingaan!

Eerste Wie is Hy, hierdie magtige Koning?

Almal Die Here, die Almagtige,
Hy is die magtige Koning. [Ps 24]

Voorganger Kom ons eien nou die teenwoordigheid van die vleesgeworde God by ons toe.

Gee 'n oomblik van stilte.

SKULDBELYDENIS

Die volgende woorde of enige ander woorde van skuldbelydenis kan hier gebruik word.

Voorganger Jesus Christus, U is die lig vir die wêreld
en U wil graag deur ons skyn.
Saam met u eerste swak dissipels
sê ons ons is jammer:

Almal dat ons nie u woorde ernstig genoeg opneem nie,
dat ons nie help dra aan u lyding nie,
dat ons nie u beloftes glo nie.

Voorganger O Seun van Liefde,
wat as Maria se eerste baba na ons toe gekom het,
verjaag die sonde uit ons binneste

net soos die mis voor die son.
Begin wat ons doen,
voorsien wat ons sê,
verlos wie ons is.

Almal Ons hoop is in U,
nou en vir altyd. Amen.

Hier kan gesing word.

Voorganger Jesus, U is die Lig vir die wêreld.
Almal U verbreek die mag van sonde en verdryf die duisternis.
Voorganger U is die brood van die lewe.
Almal U voed en versadig dié wat honger is.
Voorganger U is die ware wingerdstok.
Almal U gee aan ons die ewige lewe.

GELOOFSBELYDENIS

Voorganger Ons glo, o God van alle gode,
dat U die Ewige Skepper van die lewe is.
Ons glo, o God van alle gode,
dat U die Ewige Skepper van die liefde is.

Almal Ons glo, o Heerser en God van alle mense,
dat U die Skepper is van die hemele daar bo,
dat U die Skepper is van die seë hier onder,
dat U die Skepper is van die uitspansel sonder einde.

Voorganger Ons glo, o Heerser en God van alle mense,
dat U die Een is wat ons siele gemaak het en hul koers bepaal,
dat U die Een is wat ons liggame gemaak het van die stof van die aarde,

dat U aan ons liggame hul asem gee
en aan ons siele hul inhoud.

Almal God, seën aan ons ons liggame.
God, seën aan ons ons gees.
God, seën aan ons ons keuses.
God, seën aan ons ons wees. Amen.

DIENS VAN DIE WOORD

Leser *Die lees van die teksgedeelte vir die aand met die oordenking volg hier.*

VOORBIDDING

Die volgende gebed kan hier gedoen word.

Voorganger Here God, dankie dat U ons tot by die begin van hierdie nuwe jaar gebring het.
Almal Bewaar ons daarvan om te sondig.
Voorganger Deur mens te word
het U die sondige skeiding tussen God en skepping opgehef.
Almal Herskep ons in alles wat ons doen.
Voorganger Christus, lig, brood en drank vir die wêreld,
bring ‘n varsheid
Almal in ons alledaagse sleur,
in ons afgematte gees,
in ons besoedelde verhoudings.

Hier kan perspektiewe op die gemeente en die breër kerk se bediening(e) waarop die aand fokus, aangebied word. Dan kan daar deur voorbereide gebede of informele gebede in klein groepies voorbidding gedoen word vir dié bedieninge.

Die voorbidding word dan met die volgende gesamentlike gebed afgesluit:

Voorganger Ons bid vir gelowiges.
Almal Mag hulle lewens getuig van vreugdevolle diens.

Voorganger Mag ons kerke U eer en geloof kweek in u kinders se harte.
Almal Mag hulle ruimtes wees van heling en warmte.

Voorganger Ons bid vir ons leiers.
Almal Mag hulle ons voorgaan in ywer, oorgawe en liefde.

Voorganger Mag ons gemeente hierdie jaar hoop bring vir hulle in ons gemeenskap wat net donker sien.
Almal Mag ons huise plekke wees van gasvryheid en hoop.

Hier kan gesing word.

Voorganger Ons wy onsself nou aan U.
Help ons om u gesig in elkeen raak te sien wat ons ontmoet.
En mag elkeen wat ons ontmoet u gesig in ons raaksien.

Almal Die God van die lewe gaan saam met ons,
die Seun van die mens leef deur ons,
die Gees van krag woon binne-in ons. Amen!

Oordenkings

Erediens

Hebreërs 10 :19 -25

Die erediens is in baie van ons mense se gedagtes dit waaroor kerk eintlik gaan. Ons praat ook van die erediens as kerk hou. Dis nie so verkeerd om so aan die kerk te dink nie, want die erediens is tereg die sentrum waarop dit aankom in al die aktiwiteite van die kerk.

Dit is inderdaad tegelyk die doel waarheen en ook die bron van waaruit die kerk se bedieninge werk. Ons werk in die gemeente deur getuienis, barmhartigheid en besoeke om mense op te roep om die Here te eer in die erediens. Vanuit die erediens, met die Woord, word ons weer uitgestuur om te gaan getuig, barmhartig te wees en ons naaste te besoek en te bemoedig.

Ons teks sê die erediens het nie sommer net gebeur nie. Dit kos Jesus sy lewe dat ek en jy nou tot God kan nader in die erediens. Soos die voorhangsel in die OT tempel skeiding gemaak het tussen ons en God en veroorsaak het dat ons nie in die heiligdom tot God kon nader nie, so het die sonde ons afgeskei van God. Christus het gesterf aan die kruis en hierdie voorhangsel is daar geskeur sodat ons as verloste mense vrye toegang kan hê tot die Here.

Dit is veral in die erediens, die samekoms van die gemeente, waar ons tot Hom nader. Daarom vermaan die teks moet ons nie wegbly van die samekomste van die gemeente nie. Ons gemeenskap het Christus letterlik sy lewe gekos.

- Ons bid dat die gemeentes opnuut die erns en betekenis van die erediens sal begryp.
- Ons bid dat almal sal insien wat dit gekos het dat ons kan kerk toe gaan.
- Ons bid vir die diensgroep wat die instandhouding van die erediens versorg.
- Ons bid dat eredienste weer vol sal sit van dankbare verlostes wat toerusting soek vir hulle lewe van daaglikse diens en getuienis.

Gemeentebediening

2 Timoteus 3: 14 -17

Die gemeente van die Here is hulle wat Hy vir Hom geneem het, hulle wat in Hom glo. Mans, vroue en kinders, deur die geslagte. Ons is egter almal mense met verskillende agtergronde, opvoeding, selfs kulture. In die praktyk is dit nie eenvoudig om ons almal as gelowiges in een gemeente saam te hê nie. Daar is opleiding en toerusting nodig om almal in een juk te laat trek.

Die eenheid van die gemeente, die kerk is vir die Here Jesus ‘n prioriteit. Daarom bid Hy met erns daarvoor in Joh 17. Vir ‘n gemeente om in die praktyk te leef en te werk, moet daar eensgesindheid heers. Ons teks sê die Skrif bied die basis vir hierdie eensgesindheid.

Die Skrif stel verkeerdhede in ons sieninge en optrede reg, onderrig ons in die waarheid en bestry dwaling. Getroue Skrifstudie is daarom onontbeerlik vir ‘n gemeente. Bybelstudiegroepe kleingroepe is die ruggraat bedieninge by die toerusting van die gemeente. Gemeentebediening gaan juis oor die toerusting van die gemeente se manne en vroue en kinders vir hulle diens en getuienis.

Die Bybel sê in Efesiërs 4:11, 12 dat die Here mense soos profete, leraars en other leaders as gawes gee om die gemeente toe te rus. Agter hierdie toerusting van die gemeente uit die Skrif, in die kleingroepe of die programme wat die kerk aanbied, berus ons toerusting dus op die Gewer, op die Here self. Dis Hy wat die voorgangers as gawes aan ons gee om ons toe te rus. God self berei die gemeente sodoende voor en rus ons toe om in eensgesindheid saam in sy diens te staan.

- Ons bid ernstig tot die Gees van God vir die opbou bedieninge in ons gemeentes en kerkverband.
- Ons bid vir hulle wat ons in die Woord onderrig en die regte lewenswyse help kweek.
- Ons bid dat die Here ons almal vir sy Woord sensitief en ontvanklik sal maak.
- Ons loof en dank die Here wat ons sodoende voorberei en toerus vir elke goeie werk.

Jeug

Psalm 78 : 1 -4

In die aanhef van hierdie Psalm wys Asaf ‘n besondere toewyding om die boodskap van die Here aan die kinders oor te dra – sodat die volgende geslag dit kan weet. Hy sê "ons sal wat ons weet, wat ons vaders ons vertel het vir ons kinders nie verswyg nie". Hy is totaal hiertoe verbind. Soos Asaf was die kerk nog altyd verbind tot die opvoeding van ons kinders in die kennis van die Here. Ons weet die gesondheid van ons samelewing hang basies hiervan af.

In hierdie teks word dit baie duidelik gemaak wat die inhoud van die opvoeding van die kinders behels. Dis die ou waarhede wat ons weet, waarvan Asaf vertel. Dis kennis wat vas staan, waaroor daar geen twyfel is nie. Dis die verhale van die roemryke dade van God. En dit sluit ook die roemrykste daad van God in met Jesus Christus se kruisdood en opstanding.

Ten diepste is die inhoud van die opvoeding van die kinders die kennis dat God in beheer is - dat Hy die Redder, Skepper en Onderhouer is. Dit, sê Asaf, is die geheim van die lewe wat aan die kinders oorgedra moet word, van die een geslag aan die ander. Van die ouers en voorouers aan die kinders.

Die teks maak dit ook duidelik hoe hierdie kennis en geloof oorgedra moet word. Asaf kies in die Psalm om dit in digvorm voor te dra, sê die 1983 vertaling. Die boodskap van die Here God moet op ‘n skeppende wyse aan jong mense oorgedra word. Reeds in die tyd van Asaf was dit ‘n vereiste om tot die jeug deur te dring. Ons metodes verg wysheid en kreatiwiteit, ook vandag, maar onthou Asaf se gedig vertel God se geskiedenis met sy mense.

- Ons vra die Here die Skepper en bron van kreatiwiteit om aan ons wat ouers, voorouers, opvoeders is die wysheid te gee om ons jeug met die evangelie te bereik.
- Ons bid dat die Here ons as vaders en moeders en opvoeders só sal verbind tot hierdie taak dat ons soos Asaf die Here se genade nooit teenoor ons kinders sal verswyg nie.
- Ons erken dat ons kinders en jongmense saam met ons deur Jesus in diens geneem word. Daarom bid ons ook toegewyd vir die jeug se bediening van die evangelie, saam met ons almal hier naby en daar ver.

Getuienis

2 Korintiërs 5 : 17 -21

Dit is opmerklik hoe die getuienis taak om die Evangelie uit te dra, met die term bedieninge beskryf word. Getuienis is inderdaad ‘n bediening. Ons Skrifgedeelte beskryf dit as die bediening van die versoening.

God het Homself met ons versoen deur Jesus se soenoffer aan die kruis. God het dit alreeds daar bewerk. Ons is nou God se kinders. Ons behoort aan Hom. Ons is een met Hom gemaak daar aan die kruis en ook nuut geskep, met nuwe oë en 'n nuwe gesindheid teenoor alle ander mense en die skepping waarvan ons deel is.

Die teks sê dis nou ons taak om hierdie waarheid, die versoening te gaan bedien aan alle ander mense, wat ons self nou nuut bekyk. Dis nie slegte nuus wat jou kom bang maak met die hel nie. Nee, dis evangelie! Dit is die goeie nuus dat God in Christus ons met God self en met mekaar versoen het.

Getuienis bedoel ook presies wat die woord sê, jy moet jou weergawe vertel. Net soos ‘n getuie in ‘n hof sou doen. Daarom is getuienis ook die verhaal van jou persoonlike versoening met God met ander en die skepping. Dit is deur hierdie verhaal van God met jou dat jy die versoening bedien aan ander en die skepping.

Getuienis is ook glad nie net ‘n individuele taak nie. Dit is ons gesamentlike taak, want dit is tog ons almal in hierdie gemeente en kerk van die Here wat met Hom versoen is. Getuienis, sending, evangelisasie lê aan die hart van die gemeente se aktiwiteit. Dit is die bediening van die versoening wat aan ons opgedra is. Ons moet dit nie verwaarloos nie, maar leef en uitleef in die krag van ons Here.

- Ons bid vir die gemeente en kerk se getuienis lewe en al die getuienisaktiwiteite, al die uitreike met die evangelie.
- Ons bid vir mekaar en ook vir die diensgroep wat ons getuienis vanuit die gemeente koördineer.
- Ons bid vir elkeen vir wie ek en jy die evangelie van versoening sal bring.

Barmhartigheid

2 Samuel 9 : 1 tot 13

Die verhaal van Dawid en Mefiboset demonstreer die barmhartigheid wat God van ons vra.

Barmhartigheid lê nie net in die daad wat verrig word nie. Dit gaan ook nie oor hoeveel grond en hoeveel kos Dawid vir Mefiboset gegee het nie. Barmhartigheid word ook nie gedryf deur bejammering nie, ook al kon ‘n mens vir Mefiboset jammer wees oor sy gebreklike voete.

Barmhartigheid hier spruit uit Dawid se oortuiging dat hierdie persoon in nood ‘n kind van die koning is, aan wie barmhartigheid en herstel verleen moet word. Die aard van ons eie barmhartigheid lê diep opgesluit in hoe ons na die ander en na noodlydendes kyk. Hulle is mense vir wie God lief het. Hulle is kinders en skeppinge van die Koning. Kyk ons só na ons naastes?

Ons is nogal geneig om te kies aan wie ons barmhartigheid wil bewys. Mefiboset was allermins die een aan wie koning Dawid barmhartigheid sou wou of moes bewys. Hy was die direkte nageslag van die vorige koning Saul, en dus 'n bedreiging vir die troon van Dawid. Maar Dawid het met ander oë na hom gekyk. Hy het die ware geregtigheid (God se ontfermende geregtigheid) verstaan en daarom barmhartigheid en herstel aan die kleinseun van sy eertydse vervolger bewys.

Ons verhouding met die Seun van die Koning, bepaal ons verstaan van barmhartigheid en van ontfermende geregtigheid. Self versoen met die Koning, kyk ons nou anders na mense. Dit is van toepassing vir ons almal in die gemeente van Jesus. Juis ons verhouding met Hom, wat self so buitengewoon barmhartig was, maak dat ons vir ons naastes omgee, ook vir hulle wie se hede of verlede onreg teenoor onsself mag verteenwoordig.

- Gemotiveer deur liefde en genade bid ons saam vir die Barmhartigheidsdiens in en om die gemeente.
- Ons bid ook vir die barmhartigheidswerk deur ons breër Kerkfamilieverband in en buite Suid-Afrika en Afrika.
- Ons bid dat 'n diep omgee en die Here se hoër reg by ons self oral in ons samelewing stewig sal wortel skiet en groei, ook deur die voorbeelde wat ons stel.

Geregtigheid en Vrede

2 Kronieke 7:14-16

Ons dink aan en bid vir ons land aan die hand van twee OT perspektiewe.

Wat is ons eie konteks in byvoorbeeld Suider-Afrika na etlike dekades van vryheid? Ons ken die wonderlike seën van menslike en natuurlike hulpbronne en bemoedigende verhale. Máár daar is ook groot lyding by mense onder ons wat arm is, honger, dakloos, werkloos en gruwelik mishandel. Daar is die euwels van korrupsie, omkopery, selfsug, die ongebreidelde wanbestuur van befondsing, hulpbronne, mag en groeiende ongeloof. Waar is die kerk, die gemeentes, die mense van die Here vandag hiermee? Koester ons dalk ons vryheid en seëninge, maar vergeet die lot van noodlydendes en draai weg van die onreg en die ongeloof in ons samelewings?

Die Kroniekeskrywer vertel in hoofstuk 7 die daelange inwyding van die tempel, het destyds die erediens aan God in Israel publiek bevestig. Een nag sê die Here vir Salomo (2 Kronieke 7:12) sy gebed is verhoor. Máár, hy as koning en die Godsvolk moet weet daar kan rampe en ellendes oor hulle kom, indien hulle ontrou en afvallig sou word. Hy verwag daarom 'n gees van berou as die Godsvolk sou oortree, dat hulle dan sal omdraai en weer God se wil sal soek. Die troos is dat die Here sal luister na hulle wat bid en weer vergifnis en herstel en sorg en liefde aan hulle sal gee.

Baie geslagte later praat die profeet Jesaja (58:5-12) weer met die Godsvolk oor hulle gebede en vas praktyke in verband met hulle eie publieke lewens. Die ramp het toe gekom, die tempel is vernietig, hulle land gevat. Die boodskap was reguit en duidelik. God *hoor* ons gebede, ons godsdiens én *sien* ons publieke lewe met mekaar en met ander as een saak.

As die Godsvolk onderling onenig is wanneer ons vas en bid, sê Jesaja, sal die Here nie ons gebede verhoor nie. Hoe laag ons buig of hoe vroom ons mag bid, sê die profeet, moet saamgaan met ons geregtigheid, met ons eie diep omgee vir verdruktes, honger mense, armes en dakloses, die sonder klere. Die Here wil sien dat ek en jy ons medemens nie aan sy of haar lot oorlaat nie.

Dán sal die lig vir ons deurbreek soos die rooidag in gemeentes en gemeenskapppe, in kerk en land, met die Here self wat voor sy mense uitgaan. As ons in mekaar en ander se behoeftes voorsien, sal wat nou vir ons nag is, word soos die helder middag, sal ons wees soos fonteine wat nie opdroog nie, sal ons afgebreekte mure herbou en ons strate herstel word, sê die Here.

- Ons bid as die Here se mense om 'n identiteit waarin ons gebede en diens tot ons Here en die omgee vir noodlydendes by ons vir ons almal saam een ding sal wees.
- Ons bely ons eie blindheid en bid vir nederigheid en gewilligheid by ons almal om oral die reg vir ander na te jaag en te bewerk.
- Ons bid dat die Here ons land en die wêreld om ons sal genees en ons almal sal bekeer om Christus te wees vir mekaar, vir ons naaste verder weg en vir die wêreld.